

**Boedel van wyle
Estate of the late****Van:
Surname:***van Dyk***Voorname:
First names:***Johannes Hermanus***Naam van nagelate eggenoot:
Name of surviving spouse:***Christina Gesina***Naam van vooroorlede eggenoot:
Name of predeceased spouse:****Kruisverwysings:
Cross references:**

No.

*1429/94/4**1429/94*

BOEDEL WYLE JOHANNES HERMANUS VAN DYK

STERFKENNIS

1. Van van oorledene : Van Dyk ✓
 2. Voorname : Johannes Hermanus
 3. Identiteitsnommer : 410725 5021 007 ✓
 4. Nasionaliteit : Suid-Afrikaner
 5. Beroep : Oor Neus en Keel Spesialis
 6. Gewone verblyfplek(ke) gedurende die 12 maande wat dood voorafgegaan het : Besselsenstraat 69, Universitas, Bfn ✓
 7. Geboortedatum : 25 Julie 1941
 8. Geboorteplek : Windhoek
 9. Datum van dood : 22 Junie 1994
 10. Plek van dood : Bloemfontein
 11. Het die oorledene 'n testament nagelaat : Ja ✓
 12. Huwelikstaat ten tyde van dood : Getroud ✓
 13. Indien getroud, plek waar getroud : Windhoek - 18 Desember 1965
-
14. Volle name van langsliewende eggenoot/eggenote en sy/haar beroep : Christina Gesina Jacoba van Dyk - Huisvrou
 15. Vermeld of huwelik in of buite gemeenskap van goed was : Binne
 - a. Naam (name) van vooroorlede en geskeide eggenoot/eggenote (dui aan teenoor naam van elkeen of vooroorlede of geskei) : Nvt
 - b. Datum van dood van vooroorlede eggenoot/eggenote : Nvt
-
18. Volle name van kinders van oorlede (vermeld of meederjarig of meederjarig of minderjarig, vooroorlede en in laasgenoemde geval, of hulle nakomelinge nagelaat het en, indien wel, die volle name van sodanige nakomelinge) :

Pieter van Dyk	- Meederjarig
Jasper Daniel van Dyk	- Meederjarig
Marelise van Dyk	- Meederjarig
Johan van Dyk	- Minderjarig
 19. Naam van ouers van oorledende (vermeld of ouers in lewe of oorlede is) :

Vader	: Jasper Daniel van Dyk - Oorledene
Moeder	: Getruida van Dyk - Oorledene
-
20. Naam van adres van persoon wat sterfkennis onderteken :
Christina Gesina Jacoba van Dyk
Besselsenstraat 69
Universitas
BLOEMFONTEIN
9301
 21. a. Was ondertekenaar by oorledene se dood aanwesig : Ja ✓
b. Indien antwoord op vorige vraag nee is, het ondertekenaar die oorledene na sy dood uitgeken? Nvt

Gedateer te BLOEMFONTEIN op hede die 30 ste dag van JUNIE 1994.

Hoedanigheid : Langsliewende eggenoot ✓

Wyle J. van Dyk
Handtekening



DEPARTMENT OF HOME AFFAIRS
DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE

008302

PARTICULARS FROM THE POPULATION REGISTER I.R.O.:
BESONDERHEDE UIT DIE BEVOLKINGSREGISTER T.O.V.:

DEATH / STERFTE

IDNO.:

410725 5021 08 0

IDNR.:

VAN :
SURNAME:

VAN DYK

VOORNAME :
FIRST NAMES:

JOHANNES HERMANUS

GEBORTE DATUM:
DATE OF BIRTH:

1941-07-25

GESLAG:
SEX:

MANLIK

HUWELIKSTATUS :
MARITAL STATUS:

GETROUD

DATUM VAN AFSTERWE:
DATE OF DEATH:

1994-06-22

PLEK VAN AFSTERWE:
PLACE OF DEATH:

BLOEMFONTEIN

OORSAAK VAN DOOD:
CAUSE OF DEATH:SEREBRALE BESSIE
ANEURISME

*lelf. van Dyk
(Eggenoot)*

INSTITUTUM SUPREMA LEX

REFERENDUM

Indien die jongste foto nie 'n herkenbare ewebeeld van die houër is nie, sal 'n verdere foto deur die Sekretaris van Binnelandse Sake aangeheg word.

Should the latest photo no longer be a recognizable image of the holder, a further photo will be affixed by the Secretary for the Interior.

17 MAART 1992 / 17 MARCH 1992



Kyk opmerkings op bladsy 3/See notes on page 3.

REFERENDUM

83/11/02

BESONDERHEDE VAN PERSOON—PARTICULARS OF PERSON

IDENTITEITSNOMMER

410725-5021 00 7

IDENTITY NUMBER

*Van
Surname
Voornamen
First Names

S.A. BURGER

S.A. CITIZEN

VAN DYK

JOHANNES HERMANUS

Nooienvan
Maiden Name

Geboortedatum
Date of Birth

25/7/1941

Geslag
Sex

MANLIK/MALE

Geboorteland
Country of Birth

SUID-AFRIKA/SOUTH AFRICA

Datum Uitgereik
Date of Issue

22/10/1973 Q



Uitgegee op gesag van die Sekretaris van Binnelandse Sake.
Issued by authority of the Secretary for the Interior.

*Raadpleeg huweliksertifikaat op bladsy 6 in die geval van 'n vrou
wat na bostaande uitreikingsdatum getroud is.

*Refer to marriage certificate on page 6 in the event of a woman
who married after the above date of issue.

Testament(e), kodisille gedateer 5-6-72

is herroep deur testament gedateer 18-2-74

Testamen(e), kodisille gedateer

is herroep deur testament gedateer

Na oorweging van die Kennisgewing van Mosie en ander dokumente wat ingedien is en na aanhoor van die Advokaat vir Applikant:

WORD DIT GELAS DAT:

1. Bylae "A", aangeheg tot die Kennisgewing van mosie, die gesamentlike testament is van JOHANNES HERMANUS VAN DYK en CHRISTINA GESINA JACOBA VAN DYK (gebore MEYER) ingevolge die bepalings van Artikel 2(3) van Wet 7 van 1953, soos gewys deur Art. 3(g) van Wet 43 van 1992;
2. Die Meester van die Agbare Hof gemagtig word om bylae "A" aangeheg by die Kennisgewing van Mosie, te aanvaar as synde geldende Testament van wyle JOHANNES HERMANUS VAN DYK en langslewende eggenote CHRISTINA GESINA JACOBA VAN DYK, (gebore MEYER);
3. Die Prokureur en Kliënt koste van die aansoek betaal word uit die boedel van wyle JOHANNES HERMANUS VAN DYK.

OP LAS VAN DIE HOF

[Handwritten signature]
HOFGRIFFIER

NAUDES

/mvdw

Ware afskrif van oorspronklike

[Handwritten signature]
27/7/94

Records

HL

**IN DIE HOOGEREGSHOF VAN SUID - AFRIKA
(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

In die aansoek van :

1429/94

CHRISTINA GESINA JACOBA VAN DYK

(gebore MEYER)

....

Applikante

KENNISGEWING VAN MOSIE

GELIEWE kennis te neem dat aansoek namens bogemelde Applikante gedoen sal word op **DONDERDAG**, die **14de** dag van **JULIE 1994** om **10:00** of so spoedig moontlik daarna as wat die advokaat aangehoor kan word vir 'n bevel :

1. WAT verklaar dat bylae "A" hiertoe die gesamentlike testament is van **JOHANNES HERMANUS VAN DYK** en **CHRISTINA GESINA JACOBA VAN DYK** (gebore MEYER) ingevolge die bepalinge van Artikel 2(3) van Wet 7 van 1953. *Wet 90 Testamente*

2. WAT die Meester van die Agbare Hof magtig en las om bylae "A" aangeheg by die Kennisgewing van Mosie, te aanvaar as synde die geldende testament van wyle **JOHANNES HERMANUS VAN DYK** en

Boedelnr asb

langslewende eggenote, **CHRISTINA GESINA JACOBA VAN DYK**
(gebore **MEYER**).

3. WAT gelas dat die Prokureur en Kliënt koste van die aansoek betaal word uit die boedel van wyle **JOHANNES HERMANUS VAN DYK**.

4. WAT sodanige verdere en/of alternatiew ereghulp verleen soos wat dit u Edeles mag behaag.

EN DAT die beëdigde verklaring van **CHRISTINA GESINA JACOBA VAN DYK** (gebore **MEYER**) met bylae daartoe, hierby aangeheg, gebruik sal word ter ondersteuning van die aansoek.

GELIEWE die aansoek dienooreenkomstig vir verhoor ter rolle te plaas.

GETEKEN te BLOEMFONTEIN hierdie / dag van **JULIE** 1994.


PROKUREUR VIR APPLIKANTE
J C PRETORIUS
p/a **NAUDES**
Trustfonteingebou
BLOEMFONTEIN

HL

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID - AFRIKA

AAN: Die Griffier
Hooggeregshof
BLOEMFONTEIN

EN AAN: Die Meester
Hooggeregshof
BLOEMFONTEIN

CHRISTINA GESINA JACOB VAN DYK

(gebore MEYER)

Applikante

Afskrif hiervan ontvang hierdie 1^{ste}
dag van JULIE 1994.

BEEDIGDE VERKLARING

MEESTER : HOOGGEREGSHOF

Ek, die ondergetekende,



verklaar hiermee onder and soos volg

U Applikante is CHRISTINA GESINA JACOB VAN DYK (gebore MEYER), 'n weduwee woonagtig te Besselenstraat 69, Universiteit, BLOEMFONTEIN.

U Applikante was getroud met wyle JOHANNES HERMANUS VAN DYK wat

HL

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID - AFRIKA
(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

In die aansoek van :

CHRISTINA GESINA JACOBA VAN DYK
(gebore MEYER)

....

Applikante

BEËDIGDE VERKLARING

Ek, die ondergetekende,

CHRISTINA GESINA JACOBA VAN DYK
(gebore MEYER)

verklaar hiermee onder eed soos volg :

1.

U Applikante is CHRISTINA GESINA JACOBA VAN DYK (gebore MEYER), 'n weduwee woonagtig te Besselenstraat 69, Universitas, BLOEMFONTEIN.

2.

U Applikante was gehuwd met wyle JOHANNES HERMANUS VAN DYK wat

Handwritten signature and initials

2.

oorlede is te BLOEMFONTEIN op 22 JUNIE 1994 en wat gedurende sy leeftyd praktiseer het as oor-, neus- en keelarts te BLOEMFONTEIN.

3.

Dat uit die huwelik tussen u Applikante en haar oorlede eggenoot (hierinlater genoem "die oorledene") die volgende kinders gebore is :

- 3.1 PIETER (gebore 27 MAART 1967), 'n medikus wat tans besig is met spesialisasie;
- 3.2 JASPER DANIEL (gebore 4 JULIE 1969), 'n ingenieur;
- 3.3 MARELISE (gebore 16 AUGUSTUS 1972), 'n student;
- 3.4 JOHAN (gebore 9 OKTOBER 1974), 'n student. (m)

4.

U Applikante en die oorledene was permanent woonagtig in die provinsie van die Oranje Vrystaat en is die aansoek onderhewig aan die jurisdiksie van die Agbare Hof.

5.

Gedurende JANUARIE 1994 het die oorledene my meegedeel dat hy ene meneer **RAYMOND DANIEL HOOLE**, 'n rekenmeester van BLOEMFONTEIN versoek het om 'n testament vir ons voor te berei. Ongeveer 'n maand of twee na hierdie geleentheid het die oorledene 'n testament aan my oorhandig en my versoek

Handwritten signature and initials

om dit deur te lees en na te gaan, wat ek dan ook gedoen het en nadat ek my tevredenheid daaroor uitgespreek het, het ek die dokument, op die oorledene se versoek, in 'n laai, alwaar hy sy persoonlike dokumente gehou het, geplaas. Die oorledene het te kenne gegee dat hy reëlins sou tref dat ons die dokument gaan teken.

Op hierdie stadium was sy gesondheid goed en het die ondertekening van die testament ongelukkig agterweë gebly en het u Applikante, om die waarheid te sê, daarvan vergeet en vermoed u Applikante dat dieselfde gebeur het met die oorledene, inagnemende veral ook die feit dat hy 'n besondere besige praktyk bedryf het en lang ure gewerk het.

6.

U Applikante heg hierby aan, gemerk bylae "A", 'n afskrif van die gesamentlike testament wat u Edeles sal merk gedateer is **18 FEBRUARIE 1994** en wat deur die oorledene aan haar oorhandig was en wat sy in die betrokke kaslaai gebêre het.

7.

Dat die oorledene op **20 JUNIE 1994** 'n serebrale bessie aneurisme opgedoen het en was hy op daardie stadium by sy volle bewussyn en het inderdaad self hierdie toestand gediagnoseer.

Tydens 'n besoek aan die oorledene in die hospitaal op hierdie datum, het die ondertekening van die testament ter sprake gekom en het hy u Applikante versoek om die seun, **PIETER**, daaraan te herinner om die testament hospitaal toe te bring,

Handwritten signature

sodat dit onderteken kan word.

8.

Die oorledene se toestand het inderdaad versleg en wel tot so 'n mate dat hy op 22 JUNIE 1994 oorlede is, sonder dat die betrokke testament, bylae "A" hiertoe, ooit deur hom of u Applikante onderteken is.

U Applikante heg hierby aan 'n beëdigde verklaring van haar seun, **DR PIETER VAN DYK**, gemerk bylae "B", waarin gehandel word met die verloop van die oorledene se toestand sedert hy die aneurisme opgedoen het en bevestig die inhoud van hierdie verklaring as waar en korrek in soverre die besonderhede binne haar kennis val.

9.

U Applikante heg verder hierby aan 'n beëdigde verklaring van meneer **RAYMOND DANIEL HOOLE** welke verklaring gemerk is bylae "C", en waarna u Edeles eerbiediglik verwys word.

10.

U Applikante heg ook hierby aan beëdigde verklarings van die ander drie kinders, **JASPER DANIEL, MARELISE** en **JOHAN**, welke verklarings gemerk is bylae "D1", "D2" en "D3", en sal u Edeles merk dat die deponente hul vereenselwig met die regshulp wat hierin aangevra word.

Handwritten signature

GESAMENTLIKE TESTAMENT

11.

Dit word eerbiediglik aan die hand gedoen dat vanweë die bepalings van Artikel 2(3) van Wet 7 van 1953 hierdie 'n gepaste geval is vir die regshulp wat aangevra word.

W E S H A L W E smeeke u Applikante eerbiediglik dat dit u Edeles mag behaag om 'n bevel te verleen ooreenkomstig die aangehegte Kennisgewing van Mosie.

Kelly van Dyk

Ek, die ondergetekende, sertifiseer hiermee dat die verklaarder erken het ten volle op hoogte te wees met die inhoud en strekking van hierdie verklaring en dit begryp en dat dit die waarheid is.

BEËDIG en GETEKEN voor my te **BLOEMFONTEIN** hierdie 30 dag van

JULIE 1994.

JUNIE
Kelly van Dyk

Handtekening	Date
Signature: <i>Kelly van Dyk</i>	Date: 30-6-94
Volle name	
Full name: <i>Kelly van Dyk</i>	
Kommissaris	
St. Antoonsekerk is	
Aanstelling	
Designation: <i>Kelly van Dyk</i>	
Gebied/Region	
KOMMISSARIS -VAN EDE	
30-6-94	
District/Division	

Volle name:

Besigheidsadres:

Aanstelling:

Gebied:

TESTATEUR

TESTATRISSE

GESAMENTLIKE TESTAMENT

roerende goed onder verband te bring; huurkontrakte hetsy as verhuurder of huurder aan te gaan; eise ten gunste van of teen die boedel te doen; en te doen wat die eksekuteur in belang van die boedel sê.

Hierdie is die Laaste wilsbeskikking en Testament van

JOHANNES HERMANUS VAN DYK
(Identiteitsnommer 4107255021007)

EN bepaal dat die Heester van die Hooggeregshof van die noodsaaklikheid van die verskaffing van sekuriteit deur die eksekuteur in sy noodnagheid sal afsien.

CHRISTINA GESINA JACOBA VAN DYK (gebore Meyer)
(Identiteitsnommer 4308050038002)

indien sy en CHRISTINA GESINA JACOBA VAN DYK (gebore Meyer), die buite gemeenskap van goed met mekaar getroud en tans woonagtig te Besselsenstraat 69, Universitas, Bloemfontein.

3.1 Aan my eggenoot, JOHANNES HERMANUS VAN DYK.

1

Ons herroep en kanselleer hiermee alle testamente en ander testamentere geskryfte voorheen deur ons gemaak.

2

Ons benoem en stel hiermee aan RAYMOND DANIEL HOOLE as eksekuteur van hierdie testament. beklee met die magte hierinlater genoem. alle nodige wetlike magte en veral die mag van assumpsie.

3

'n Eksekuteur wat hierkragtens optree, het volle en onbeperkte bevoegdheid om vir doeleindes van die testament en as dit nodig sou wees, na goeddunke, enige bate van die boedel te verkoop hetsy uit die hand of deur openbare veiling of andersins en op sodanige tye as wat die eksekuteur of trustee mag goeddink, voort te gaan met enige handelsaak, onderneming of vennootskap waarin ons by dood betrokke was: gelde te leen, met of sonder sekuriteit van enige van die bates van die boedel, met inbegrip daarvan om onroerende en roerende goed onder verband te bring met die doel om enige bates van die boedel te behou of om boedelskulde te vereffen of om herstelwerk te doen, of wat ookal andersins, na gelang die eksekuteur dit nodig of wenslik ag vir die behoorlike likwidasië en distribusie van die boedel; waarborge en of borgstellings te onderneem vir en namens enige maatskappy, besigheid, onderneming, vennootskap of enige ander saak waarby ons in belang gehad het of betrokke was en ten opsigte daarvan sekuriteit te verskaf, met inbegrip daarvan om onroerende of

AS GETUIES:

1 _____

TESTATEUR

2 _____

TESTATRISSE

roerende goed onder verband te bring: huurkontrakte netsy as verhuurder of huurder aan te gaan; eise ten gunste van of teen die boedel te skik; opsies of regte uit te oefen. onderhoud aan n bevoordeelde te betaal en oor die algemeen enige kontrak aan te gaan en al sodanige sake te verrig as wat die eksekuteur in belang van die boedel nodig ag.

4

Ons bepaal dat die Meester van die Hooggeregshof van die noodsaaklikheid van die verskaffing van sekuriteit deur ons eksekuteur in sy hoedanigheid sal afsien.

5

Indien ek. CHRISTINA GESINA JACOBA VAN DYK (gebore Meyer), die testatriese, die eersterwende van ons is, vererf die restant van my boedel soos volg:

5.1 Aan my eggenoot. JOHANNES HERMANUS VAN DYK.

6

Indien ek. JOHANNES HERMANUS VAN DYK, die testateur, die eersterwende van ons is, vererf die bates in my boedel soos volg:

6.1 Aan my eggenote CHRISTINA GESINA JACOBA VAN DYK (gebore Meyer) die volgende polisse:

- 6.1.1 Sanlam - Polisnommer 7835417X2
- 6.1.2 Sanlam - Polisnommer 7212470X4
- 6.1.3 Sanlam - PPS Polisnommer 40658
- 6.1.4 Liberty - Polisnommer 60000813200
- 6.1.5 Liberty - Polisnommer 60000809100

6.2 Aan my eggenote CHRISTINA GESINA JACOBA VAN DYK (gebore Meyer) my huidige motor in gebruik sowel as die inhoud van die huis geleë te Besselsenstraat 69. Universitas. Bloemfontein.

6.3 Die huis geleë te Besselsenstraat 69. Universitas. Bloemfontein in trust aan die trustees van die HERMAN VAN DYK TRUST, om geadministreer te word op die voorwaardes en terme en ten behoeve van die begunstigdes soos uiteengesit in die betrokke trustakte onderhewig aan die vraggebruik van my eggenote CHRISTINA GESINA JACOBA VAN DYK (gebore Meyer).

6.4 Die restant van my boedel in gelyke dele aan my kinders gebore uit my huwelik met CHRISTINA GESINA JACOBA VAN DYK

AS GETUIES:

1 _____

TESTATEUR

2 _____

TESTATRISE

(gebore Meyer). Indien my kinders nog nie meerderjarig is nie sal die gedeelte erflating wat die minderjarige kind toeval vererf aan die trustees van die HERMAN VAN DYK TRUST, om geadministreer te word op die voorwaardes en terme en ten behoeve van die minderjarige kind soos uiteengesit in die betrokke trustakte.

7

Indien ons gelyktydig of binne 30 (dertig) dae na mekaar te sterwe kom, of as gevolg van dieselfde ongeluk of katastrofe, of op enige ander wyse, die een kort na die ander, dan, en in enige van die gevalle, word ons afsonderlike boedels, vir doeleindes van verdeling, as een boedel beskou en vererf al ons bates aan die trustees van die HERMAN VAN DYK TRUST, om geadministreer te word op die voorwaardes en terme en ten behoeve van die begunstigdes soos uiteengesit in die betrokke trustakte.,

8

Ons bepaal hiermee dat geen voordeel wat hierkragtens aan enige bevoordeelde mag toekom, en geen verdere bates wat die betrokke bevoordeelde uit krag van sodanige voordeel mag verkry, deel sal uitmaak van enige gemeenskaplike boedel waarvan gemelde bevoordeelde n deelgenoot mag wees of word nie, maar dat sodanige voordeel, en alle verdere bates daarkragtens verkry, die afsonderlike en uitsluitlike eiendom van die betrokke bevoordeelde sal wees en bly, en dat in die geval van enige vroulike bevoordeelde, dit verder nie onderhewig sal wees aan die maritale mag of enige ander vorm van beheer van naar eggenoot, huidige sowel as toekomstig nie. Ons bepaal verder dat die aanwaspedeling ingevolge die Wet op Huweliksgoedere van 1984, of enige latere wysiging van die Wet, nie op enige voordele kragtens die testament van toepassing sal wees nie.

ALDUS GETEKEN te BLOEMFONTEIN op hede die 18de dag van Februarie 1994, deur die Testateur en Testatrie in teenwoordigheid van mekaar, en in teenwoordigheid van die ondergetekende bevoegde getuies, wat in teenwoordigheid van die Testateur en Testatrie, en van mekaar, hulle handtekeninge tot hierdie testament gevoeg het.

AS GETUIES: 'n mediese praktisyn wat ons besoek is om te spesifiseer as oor-

1 _____

TESTATEUR

2 _____

TESTATRICE

Dit is Deponent 'n soek is van die Appellante en wyle JOHANNES HERMANUS

VAN DYK wat op 18de dag van 22 JUNIE 1994.

HL

**IN DIE HOOGEREGSHOF VAN SUID - AFRIKA
(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

In die aansoek van :

CHRISTINA GESINA JACOBA VAN DYK

(gebore MEYER)

....

Applikante

BEËDIGDE VERKLARING

Ek, die ondergetekende,

PIETER VAN DYK

verklaar hiermee onder eed soos volg :

1.

U Deponent is 'n mediese praktisyn wat tans besig is om te spesialiseer as oor-,
neus- en keelarts.

2.

Dat u Deponent 'n seun is van die Applikante en wyle **JOHANNES HERMANUS
VAN DYK** wat oorlede is op **22 JUNIE 1994**.



'n Operasie is op DINSDAGAAND, 3. JUNIE 1994, uitgevoer en het die


Dat u Deponent se vader serebrale bessie aneurisme opgedoen het op 20 JUNIE 1994 en was hy na die aanval volledig by sy bewussyn.

Die oorledene het die aanval opgedoen om ongeveer 6.30 namiddag en is hy om ongeveer 7-uur namiddag na die afdeling vir noodgevalle, waarheen u Deponent hom vergesel het. Die oorledene het in die noodgevalle-afdeling u Deponent versoek om die testament by die huis op te tel en het hy tydens hierdie versoek melding daarvan gemaak dat die dokument nie onderteken was nie. Hy het ook vermeld dat die testament in 'n bruin koevert is by sy dokumente in die kaslaai.

U Deponent wou sy vader op hierdie stadium nie alleen los nie, aangesien hy vervolgens 'n reeks ondersoeke moes ondergaan, wat onder andere ingesluit het eerstens 'n skandering, waarna hy opgeneem is in die intensiewe sorg-eenheid alwaar 'n her-komplikasie ontstaan het as gevolg waarvan hy na die X-straal afdeling geneem is en hy ook onder narkose geplaas is.

Op 21 JUNIE 1994 het hy sy bewussyn herwin, maar kon hy toe nie praat nie as gevolg van 'n pyp wat deur sy stembande ingeplaas is. Die oorledene het egter op 'n verstaanbare wyse aan u Deponent verduidelik om die testament na die hospitaal te bring.

U Deponent het egter besef dat dit uiters moeilik vir sy vader sou wees om die testament onder die omstandighede te onderteken en het hy ook telefonies in verbinding getree met 'n bevriende advokaat en die situasie aan hom verduidelik en, op aanbeveling van hierdie persoon, besluit om die saak eers daar te laat en die oorledene nie te verontrief nie.



3.

'n Operasie is op DINSDAGAAND, die 21ste JUNIE 1994, uitgevoer en het die oorledene nie weer sy bewussyn herwin nie en is hy op 22 JUNIE 1994 oorlede.

4.

Die betrokke ongetekende testament, bylae "A", is vervolgens na die oorledene se afsterwe uit die laai tussen die oorledene se dokumente gehaal en deur sy moeder aan u Deponent oorhandig.

5.

U Deponent vereenselwig hom met die regshulp wat aangevra word.

[Handwritten signature]

Ek, die ondergetekende, sertifiseer hiermee dat die verklaarder erken het ten volle op hoogte te wees met die inhoud en strekking van hierdie verklaring en dit begryp en dat dit die waarheid is.

BEËDIG en GETEKEN voor my te BLOEMFONTEIN hierdie 30 dag van JUNIE JULIE 1994.

Volle name:
Besigheidsadres:
Aanstelling:
Gebied:

<i>[Handwritten signature]</i>	30-6-94
<i>[Handwritten signature]</i>	KOMMISSARIS
<i>[Handwritten signature]</i>	VAN EDE
<i>[Handwritten signature]</i>	Division

HL

**IN DIE HOOGEREGSHOF VAN SUID - AFRIKA
(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

In die aansoek van :

CHRISTINA GESINA JACOBA VAN DYK

(gebore MEYER)

.... **Applikante**

BEËDIGDE VERKLARING

Ek, die ondergetekende,

RAYMOND DANIEL HOOLE,

verklaar hiermee onder eed soos volg :

1.

U Deponent is 'n finansiële- en kosterekenmeester en praktiseer as sodanig te President Reitzlaan 103B, BLOEMFONTEIN, Oranje Vrystaat Provinsie.

2.

Dat die oorledene aan u Deponent bekend was vir die afgelope ongeveer SEWE JAAR en het ek dan ook in hierdie periode opgetree as sy finansiële adviseur en

af

rekenmeester en die oorledene bygestaan met sy belastingaangeleenthede.

U Deponent het die oorledene ook bygestaan met die oprigting van die HERMAN VAN DYK-TRUST wat gedurende 1993 tot stand gekom het.

3.

Gedurende JANURIE 1994 het u Deponent 'n samespreking met die oorledene gehad na aanleiding van die oorledene se 1993 finansiële state. Tydens hierdie samespreking het ek by die oorledene navraag gedoen omtrent sy testament, waarop hy my versoek het dat ek daaraan aandag gee.

Ek het vervolgens die terme van oorledene se beoogde testament met hom bespreek en sekere aanbevelings gemaak, aangesien ek ten volle op hoogte was met die oorledene se sake.

As gevolg van die totstandkoming van die HERMAN VAN DYK-TRUST het die oorledene se finansiële opset verander, en was dit derhalwe nodig dat die betrokke testament moes aanpas by die TRUST en aanvullend tot die werking van die TRUST moes wees, en vandaar die aanbevelings wat u Deponent gedoen het.

4.

U Deponent het 'n konsep dokument opgestel en dit persoonlik aan die oorledene oorhandig op of omtrent 28 JANUARIE 1994.

U Deponent wys daarop dat hy 'n vaste gebruik gehad het om teen ongeveer die 28ste van elke maand 'n besoek aan die oorledene (asook aan ander mediese praktisyns) te bring en is die konsep dan juis tydens sodanige roetine-besoek aan die

ad

oorledene besorg. Hierna het die oorledene u Deponent versoek om sekere wysigings aan te bring, wat hy dan ook gedoen het. Die oorledene was besonder presies en nougeset en het, byvoorbeeld, verlang dat die volledige besonderhede van die polisse, soos byvoorbeeld die naam van die maatskappy en die polisnommers, in die testament vermeld moes word.

Die verbeterde testament, synde bylae "A" hiertoe, is op **28 FEBRUARIE 1994** deur u Deponent aan die oorledene oorhandig. Op hierdie geleentheid het hy dit nagegaan en bevestig dat dit in orde was en het hy onderneem om toe te sien dat dit deur homself en sy eggenote onderteken sou word, maar wat ongelukkig agterweë gebly het.

Ek, die ondergetekende, sertifiseer hiermee dat die verklaarder erken het ten volle op hoogte te wees met die inhoud en strekking van hierdie verklaring en dit begryp en dat dit die waarheid is.

BEËDIG en GETEKEN voor my te **BLOEMFONTEIN** hierdie 30 dag van

JULIE 1994.

Junie

AdPree 9260

AdPree 9260
KOMMISSARIS VAN EDE

Volle name:
Besigheidsadres:
Aanstelling:
Gebied:

Handtekening	<i>AdPree 9260</i>	30/6/94
Volle naam	Anita du Preez	
Woonadres	Kredietaduiser	
Kommisaris van Ede	Division	

"D1"

HL

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID - AFRIKA
(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)

In die aansoek van :

CHRISTINA GESINA JACOBA VAN DYK

(gebore MEYER)

....

Applikante

BEËDIGDE VERKLARING

Ek, die ondergetekende,

JASPER DANIEL VAN DYK,

verklaar hiermee onder eed soos volg :

1.

Ek is gebore op 4 JULIE 1969 en praktiseer ek as ingenieur te SASOL.

2.

Ek het die funderende beëdigde verklaring van die Applikante asook die verklarings
van my broer, **PIETER VAN DYK**, en meneer **RAYMOND DANIEL**

[Handwritten signature]

"Da"

HL

**IN DIE HOOGEREGSHOF VAN SUID - AFRIKA
(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

In die aansoek van :

CHRISTINA GESINA JACOBA VAN DYK

(gebore MEYER)

....

Applikante

BEËDIGDE VERKLARING

Ek, die ondergetekende,

MARELISE VAN DYK,

verklaar hiermee onder eed soos volg :

1.

Ek is gebore op 16 AUGUSTUS 1972 en is tans nog 'n student.

2.

Ek het die funderende beëdigde verklaring van die Applikante asook die verklarings van my broer, **PIETER VAN DYK**, en meneer **RAYMOND DANIEL**

1 NMD

HL

IN DIE HOOGGEREGTERDE VAN SUID-AFRIKA 2.
(ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)

In die naam van:

HOOLE gelees en vereenselwig ek my met die regshulp wat aangevra word.

CHRISTINA JESSENA JACOBA VAN DYK
(gebore MEYER)

Applikante

M. van der Merwe

Ek, die ondergetekende, sertifiseer hiermee dat die verklaarder erken het ten volle op hoogte te wees met die inhoud en strekking van hierdie verklaring en dit begryp en dat dit die waarheid is.

BEËDIG en GETEKEN voor my te **BLOEMFONTEIN** hierdie 30 dag van **JULIE** 1994.

M. van der Merwe
Junie
Jan 1994

verklaar hiermee onder eed wat volg:

Ek is gebore op 9 OKTOBER

Handtekening Signature:	<i>[Handwritten Signature]</i>	Date:	30-6-94
Volle name Full name:	Christina Jessema Jacobs van Dyk		
Kommissaris van Gereguleerde Oorname	KOMMISSARIS VAN EDE		
St. Aandagspunt 107 Bloemfontein	St. Aandagspunt 107 Bloemfontein		
Amptstempel Designation:	St. Aandagspunt 107 Bloemfontein		
Gebied/Amptstempel District/Amptstempel:	St. Aandagspunt 107 Bloemfontein		

Volle name:

Besigheidsadres:

Aanstelling:

Gebied:

Die funderende besigheids verklaring van die Applikant asook die verklaring van my broer, PIETER VAN DYK, en broer RAYMOND DANIEL

HL

**IN DIE HOOGEREGSHOF VAN SUID - AFRIKA
(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

In die aansoek van :

CHRISTINA GESINA JACOBA VAN DYK

(gebore MEYER)

....

Applikante

Ek, die ondergetekende, sertifiseer hiermee dat die verklarings erfen het ten volle op begrip te wees met die **BEËDIGDE VERKLARING** verklaring en dit begryp en dat dit die waarheid is.

Ek, die ondergetekende,

BEËDIG en **GETEKEN** voor my te **BLOEMFONTEIN** hierdie 30 dag van **MEI** 1994.

JOHAN VAN DYK,

verklaar hiermee onder eed soos volg :

1.

Ek is gebore op 9 OKTOBER 1974 en is tans nog 'n student.

Residence:

Occupation:

2.

Address:

Ek het die funderende beëdigde verklaring van die Applikante asook die verklarings

van my broer, **PIETER VAN DYK**, en meneer **RAYMOND DANIEL**

[Handwritten signatures]

AANSOEKNUMMER:

MEESTER SE VERWYSING: 1429/94

IN DIE HOOGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)

In die aansoek van:

CHRISTINA GESINA JACOBA VAN DYK
(gebore MEYER)

Applikante

MEESTER SE VERSLAG

1.

Afskrifte van die Kennisgewing van Mosie en die Beëdigde Verklaring deur applikant, haar vier kinders en die rekenmeester is op my bestel.

2.

Die stukke op my bestel is volledig beëdig.

3.

Geen besware is tot op datum ontvang teen die voorgenome aansoek nie. Applikant doen aansoek vir die aanvaarding van die ongetekende gesamentlike testament, wat nie aanvaar kan word deur my ingevolge Artikel 8(4) van die Boedelwet 66 van 1965, in sy huidige staat nie.

Ek wys die hof eerbiediglik na die verwysing van Artikel 2(3) van die Wet op Testamente, Wet 7 van 1953, soos in die Kennisgewing vermeld (waarop die aansoek berus). Gemelde artikel is herroep deur Artikel 5 van Wet 43 van 1992 (soos in werking getree op 1/10/92).

4.

Die gesamentlike testament (aanslagsel "A") stem ooreen met my rekord.

5.

Dit wil voorkom asof die oorledene die dokument as sy testament beskou het (aanslagsel "B", bladsy 2 par 3 en aanslagsel "C" bladsy 3 verwys).

6.

Alhoewel die aansoek in terme van Artikel 2 (3) van die Wet op Testamente, Wet 7 van 1953 geskied, verwys ek u eerbiediglik na Artikel 3(g) van die Wet tot Wysiging van die Erfreg 1992, Wet 43 van 1992 waarin die hof my kan gelas om

GESAMENTLIKE TESTAMENT

die dokument as testament te aanvaar, ofskoon dit nie aan al die vorm vereistes in subartikel (1) voldoen nie.

7.

Dit wil voorkom asof hierdie aanvaarding van die gesamentlike testament al die betrokkenes tot voordeel strek - ek verwys u eerbiediglik na klousule 6 van die testament.

8.

Ek het geen twyfel dat beide testateurs die testament opgestel het nie en dat dit in oorleg met die rekenmeester tot voordeel van gemelde begunstigdes in klousule 6 bedoel is nie. Weens die nalate om die dokument te teken en die skielike heengaan is die aansoek gebring en steun ek die aansoek heelhartig.

9.


Ek het geen verdere inligting tot my beskikking nie.

10.

Ek berus my eerbiediglik by die beslissing van die hof.

W. de ASST. MEESTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF
(OVS PROVINSIALE AFDELING)

BLOEMFONTEIN



AS GETUIES:

1.

2.

TESTATEUR

TESTATRIE

1429/14

GESAMENTLIKE TESTAMENT

Hierdie is die Laaste Wilsbeskikking en Testament van

JOHANNES HERMANUS VAN DYK
(Identiteitsnommer 4107255021007)

EN

CHRISTINA GESINA JACOBA VAN DYK (gebore Meyer) dd 14/7/94.
(Identiteitsnommer 4308050038002)

WILL AND TESTAMENTEN	Verwerp
REGISTERED AND ACCEPTED	nie geteken.
Asst. MASTER OF THE SUPREME COURT MEESTER VAN DIE HOOGGERECHTSHOF	4/7/94
BLOEMFONTEIN	

buite gemeenskap van goed met mekaar getroud en tans woonagtig te Besselsenstraat 69, Universitas, Bloemfontein.

1

Ons herroep en kanselleer hiermee alle testamente en ander testamentêre geskrifte voorheen deur ons gemaak.

2

Ons benoem en stel hiermee aan RAYMOND DANIEL HOOLE as eksekuteur van hierdie testament, beklee met die magte hierinlater genoem, alle nodige wetlike magte en veral die mag van assumpsie.

3

'n Eksekuteur wat hierkragtens optree, het volle en onbeperkte bevoegdheid om vir doeleindes van die testament en as dit nodig sou wees, na goeddunke, enige bate van die boedel te verkoop hetsy uit die hand of deur openbare veiling of andersins en op sodanige tye as wat die eksekuteur of trustee mag goeddink, voort te gaan met enige handelsaak, onderneming of vennootskap waarin ons by dood betrokke was; gelde te leen, met of sonder sekuriteit van enige van die bates van die boedel, met inbegrip daarvan om onroerende en roerende goed onder verband te bring met die doel om enige bates van die boedel te behou of om boedelskulde te vereffen of om herstelwerk te doen, of wat ookal andersins, na gelang die eksekuteur dit nodig of wenslik ag vir die behoorlike likwidasie en distribusie van die boedel; waarborge en of borgstellings te onderneem vir en namens enige maatskappy, besigheid, onderneming, vennootskap of enige ander saak waarby ons 'n belang gehad het of betrokke was en ten opsigte daarvan sekuriteit te verskaf, met inbegrip daarvan om onroerende of

AS GETUIES:

1

2

WILL AND TESTAMENTEN
REGISTERED AND ACCEPTED GEGESTREER EN AANVAAR
MASTER OF THE SUPREME COURT MEESTER VAN DIE HOOGGERECHTSHOF
BLOEMFONTEIN

TESTATEUR

TESTATRICE

roerende goed onder verband te bring; huurkontrakte hetsy as verhuurder of huurder aan te gaan; eise ten gunste van of teen die boedel te skik; opsies of regte uit te oefen, onderhoud aan 'n bevoordeelde te betaal en oor die algemeen enige kontrak aan te gaan en al sodanige sake te verrig as wat die eksekuteur in belang van die boedel nodig ag.

4

Ons bepaal dat die Meester van die Hooggeregshof van die noodsaaklikheid van die verskaffing van sekuriteit deur ons eksekuteur in sy hoedanigheid sal afsien.

5

Indien ek, CHRISTINA GESINA JACOBA VAN DYK (gebore Meyer), die testatrise, die eersterwende van ons is, vererf die restant van my boedel soos volg:

5.1 Aan my eggenoot, JOHANNES HERMANUS VAN DYK.

6

Indien ek, JOHANNES HERMANUS VAN DYK, die testateur, die eersterwende van ons is, vererf die bates in my boedel soos volg:

6.1 Aan my eggenote CHRISTINA GESINA JACOBA VAN DYK (gebore Meyer) die volgende polisse:

- 6.1.1 Sanlam - Polisnommer 7835417X2
- 6.1.2 Sanlam - Polisnommer 7212470X4
- 6.1.3 Sanlam - PPS Polisnommer 40658
- 6.1.4 Liberty - Polisnommer 60000813200
- 6.1.5 Liberty - Polisnommer 60000809100

6.2 Aan my eggenote CHRISTINA GESINA JACOBA VAN DYK (gebore Meyer) my huidige motor in gebruik sowel as die inhoud van die huis geleë te Besselsenstraat 69, Universitas, Bloemfontein.

6.3 Die huis geleë te Besselsenstraat 69, Universitas, Bloemfontein in trust aan die trustees van die HERMAN VAN DYK TRUST, om geadministreer te word op die voorwaardes en terme en ten behoeve van die begunstigdes soos uiteengesit in die betrokke trustakte onderhewig aan die vruggebruik van my eggenote CHRISTINA GESINA JACOBA VAN DYK (gebore Meyer).

6.4 Die restant van my boedel in gelyke dele aan my kinders gebore uit my huwelik met CHRISTINA GESINA JACOBA VAN DYK

AS GETUIES:

1 _____

TESTATEUR

2 _____

TESTATRISE

(gebore Meyer). Indien my kinders nog nie meerderjarig is nie sal die gedeelte erflating wat die minderjarige kind toeval vererf aan die trustees van die HERMAN VAN DYK TRUST, om geadministreer te word op die voorwaardes en terme en ten behoeve van die minderjarige kind soos uiteengesit in die betrokke trustakte.

7

Indien ons gelyktydig of binne 30 (dertig) dae na mekaar te sterwe kom, of as gevolg van dieselfde ongeluk of katastrofe, of op enige ander wyse, die een kort na die ander, dan, en in enige van die gevalle, word ons afsonderlike boedels, vir doeleindes van verdeling, as een boedel beskou en vererf al ons bates aan die trustees van die HERMAN VAN DYK TRUST, om geadministreer te word op die voorwaardes en terme en ten behoeve van die begunstigdes soos uiteengesit in die betrokke trustakte.

8

Ons bepaal hiermee dat geen voordeel wat hierkragtens aan enige bevoordeelde mag toekom, en geen verdere bates wat die betrokke bevoordeelde uit krag van sodanige voordeel mag verkry, deel sal uitmaak van enige gemeenskaplike boedel waarvan gemelde bevoordeelde 'n deelgenoot mag wees of word nie, maar dat sodanige voordeel, en alle verdere bates daarkagtens verkry, die afsonderlike en uitsluitlike eiendom van die betrokke bevoordeelde sal wees en bly, en dat in die geval van enige vroulike bevoordeelde, dit verder nie onderhewig sal wees aan die maritale mag of enige ander vorm van beheer van haar eggenoot, huidig sowel as toekomstig nie. Ons bepaal verder dat die aanwasbedeling ingevolge die Wet op Huweliksgoedere van 1984, of enige latere wysiging van die Wet, nie op enige voordele kragtens die testament van toepassing sal wees nie.

ALDUS GETEKEN te BLOEMFONTEIN op hede die 18de dag van Februarie 1994, deur die Testateur en Testatrise in teenwoordigheid van mekaar, en in teenwoordigheid van die ondergetekende bevoegde getuies, wat in teenwoordigheid van die Testateur en Testatrise, en van mekaar, hulle handtekeninge tot hierdie testament gevoeg het.

AS GETUIES:

1 _____

TESTATEUR

2 _____

TESTATRISIE

WIE DIT MAG AANGAAN

Die Meester van die Hooggeregshof
Privaatsak X20584
BLOEMFONTEIN
9300

Aanvaar
J. H. van Dyk
8/5/95

Meneer

ADIASIE BOEDEL WYLE : J H VAN DYK

Hiermee wens ek om my adiasie van bogenoemde Testament skriftelik in te dien. Ek verklaar puntsgewys die volgende:-

1. Dat dit my wens is om die adiasie skriftelik te doen.
2. Die feit dat ek binne gemeenskap getroud was met dr Johannes Hermanus van Dyk en dus geregtig was op die helfte van die netto boedel is ek ten volle bewus daarvan dat ek met adiasie afstand doen van hierdie betrokke reg op die helfte van die bogenoemde boedel.
3. Ek verstaan ook dat ek as gevolg van adiasie my nie weer kan herroep op die bates waarvan af ek afstand gedoen het in die bogenoemde boedel nie.

ALDUS GETEKEN TE BLOEMFONTEIN OP HIERDIE 26STE APRIL 1995 IN DIE
TEENWOORDIGHEID VAN ONDERGETEKENDE GETUIES

GETUIES

1.
2.

C. G. J. van Dyk
C. G. J. VAN DYK (MEV)

